## 20 Mei - HISKIA

**Skrifgedeelte: Jesaja 38:1-22**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 20:9-11**

Hiskia, seun van koning Agas (2 Kon 16:20), se naam is met waardering in die annale van die geskiedenis opgeteken. Sy naam is veral vanuit die godsdiens van Israel vermeldenswaardig. So hoog word hy aangeslaan dat hy met koning Dawid vergelyk word en selfs 'n *tweede Dawid* genoem word.

In die boek Kronieke word 'n besondere kenmerk van Hiskia genoem. Dit is sy vroomheid in die opregte sin van die woord *vroom*. Daar is helaas ook valse vroomheid, skynheilige vroomheid, oftewel *vroomgeit*.

Tog is Hiskia nie 'n heldefiguur nie. Hy was 'n mens met beperkinge en foute. Die waan van grootheid was by hom aanwesig. Hy het ook diplomatieke flaters begaan. Daarmee beklemtoon die Bybel dat niemand, selfs nie eens 'n persoon wat histories en godsdienstig gunstig beoordeel word, sonder tekortkomings is nie.

Hiskia is veral bekend vanweë sy siekte en die genadetyd wat tot sy lewe toegevoeg is. Hiskia se siekte was waarskynlik in 714 vC. Die siekte was 'n sweer (2 Kon 20:7). Dit het sulke afmetings aangeneem dat sy lewe bedreig is: hy het dodelik siek geword. Jesaja het hom, ongeroepe maar deur God gestuur, by sy siekbed besoek met die harde boodskap dat hy inderdaad nie sal genees nie, maar sal sterwe. Hiskia was baie ontsteld. Hy was 40 jaar oud, "in die fleur van my lewe" (Jes 38:9).

Hiskia het op die harde boodskap soos 'n vroom gelowige gereageer. Hy het op sy siekbed sy gesig na die muur gedraai – om sy aandag van alles af te lei en ernstig te bid. Hy wou graag bly lewe. In sy pleitrede het hy hom beroep op God se verbondsbeloftes wat Hy aan godvrugtige mense gee (vgl. Spr 3:2; 10:27). Die Here het 15 jaar tot sy lewe gevoeg. Dis 'n aangrypende verhaal.

*Sing: Psalm 116:1-3, 5, 7 (1936-beryming)* *Dr PW Bingle (Emeritus)*